Die Ekonomie Lewenstandaard **TOETS - Graad 8 - MEMO** **Vrae 1 - 8**	NAAM: _____ GRAAD: _____ DATUM: _____

WERKLIKE PUNT	
%	
VLAK	

TOTAAL : 45

INHANDING: _____



Verwys na die uittreksel uit die artikel, "Suid-Afrika verleng grendeltyd, maar skep raamwerk vir heropening" deur Elliot Smith

Lewenstandaard

1. Wat is/was die rede vir die Nasionale Grendeltyd in Suid-Afrika van 27 Maart2020

   Die Covid-19 pandemie (1)

2. Volgens jou, is/was die grendeltyd suksesvol? Gee twee redes vir jou antwoord.

   Leerder se eie reaksie met twee redes.

   _____ (4)

3. Twee wetstoepassingsektore is getaak om die grendeltydbepalings af te dwing. Op Nasionale-vlak die weermag en op Plaaslike-vlak die polisie. (2)

4. Onderstreep 4 noodsaaklike goedere (in rooi) en 2 noodsaaklike dienste (in groen) wat tydens Vlak 5 van die grendeltyd beskikbaar was. Sigarette / Medisyne / Doktersafspraak / Haarsny / Fliek / Klere vir volwassenes / Babaklere / Brandstof / Gas / Ontvang regeringspensioen / Alkohol / Grimering / Tuindienste / Kitskos / Veeartse (6)

5. Hoe is/was die regering se inkomste affekteer deur die grendeltyd en hoekom?

   BTW Goedere en dienste is beperk. Daar is dus minder BTW op goedere en dienste wat aan SARS betaal word.

   _____

   LBS _____

   Sommige mense het hulle werk verloor en ander se salaris is verminder. Die bedrag LBS wat dus deur SARS ingewin word is minder.

   _____

   Maatskapye se wins

   Baie maatskappye mag nie handel dryf nie en moes hulle deure sluit. Besighede wat oorleef het, het minder wins gemaak of selfs groot verlies gely. (6)

6. Watter opofferinge het jy of maak jy steeds met betrekking tot lewenstandaard tydens die grendeltyd? Gee twee voorbeelde van elk van die volgende:

   Sosiale interaksie / geleenthede:

   Leerderreaksie

   _____

   _____

Naam:_____

Verbruik van goedere en dienste:

Leerderreaksie

Vermaak:

Leerderreaksie

Tradisies:

Leerderreaksie

(8)

6.1 Hoe het jy jou lewenstandaard probeer handhaaf tydens die grendeltyd?

Sosiale interaksie / geleenthede

Leerderreaksie

Verbruik van goedere en dienste:

Leerderreaksie

Entertainment:

Leerderreaksie

Vermaak:

Leerderreaksie

(8)

7. Noem 5 maniere waarop tuisbly tydens die grendeltyd 'n positiewe impak op jou leefstyl kan hê.

Leerderreaksie

(10)

INHANDIG

Suid-Afrika verleng grendeltyd, maar skep raamwerk vir heropening

Gepubliseer op Woensdag 15 April, 2020 08:39 AM EDT

Elliot Smith@ELLIOTSMITHCNBC

Suid-Afrika het die nasionale grendeltyd met twee weke verleng, maar het kriteria saamgestel waarvolgens beperkings gelig sal word. Dit kom terwyl die koronavirus-gevalle in die land tot dusver die skerp toename wat in Europa en die VSA gesien is, vrygespring het.

Suid-Afrika is steeds die land in Afrika wat die ergste affekteer is deur die pandemie met 2 415 bevestigde gevalle teen Woensdagoggend – volgens data wat deur Johns Hopkins University ingewin is. Die verspreiding van Covid-19 is egter tot op hede baie minder ernstig as wat verwag is.

President Cyril Ramaphosa het verlede week in ’n toespraak aan die nasie beklemtoon dat die koers van nuwe infeksies vertraag het tot slegs 4% sedert die drakonies inperkingsmaatreëls op 27 Maart implementeer is. Dit is 44% laer as toe die virus aanvanklik die land binne gekom het. Meer as 83 000 toetse is reeds gedoen, alhoewel dit ver onder die mikpunt van 10 000 – 15 000 per dag is.

Die inperkingsmaatreëls, wat deur die polisie en weermag afgedwing word, verbied enige Suid-Afrikaner om sy huis te verlaat behalwe om medisyne of mediese sorg te kry, kos en ander benodighede te koop of om maatskaplike bydraes te gaan haal. Die verkoop van alkohol en sigarette is ook onwettig.

In sy toespraak Donderdagaand het Ramaphosa gesê dat alhoewel daar steeds ’n behoefte is aan verdere toetsing en navorsing om die infeksiekoers te bepaal, dit “regte vooruitgang” is.

Hy het egter gewaarsku dat om die grendeltyd te vinnig op te hef, die risiko bestaan dat die vordering wat gemaak is ongedaan raak en dat dit die opoffering wat deur alle Suid-Afrikaners gemaak is, nietig sal verklaar.